
**Deur President Thomas S. Monson**



# Dien die Here met Liefde

Die Heer Jesus Christus het ons geleer, " elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, hy sal dit red" (Lukas 9:24).

"Ek glo," het President Thomas S. Monson gesê, "dat die Redder vir ons sê dat tensy ons onsself in diens aan ander verloor, daar min betekennis in ons lewens is. Die wat net vir hulself lewe verkrompel en verloor figuurlik hul lewens, terwyl die wat hulle lewens in die diens van ander verloor, groei en floreer — en in effek hul lewens red."[1]

In die volgende uittreksel van President Monson se bediening, herinner hy Laaste-dae Heiliges dat hulle die Here se hande is en dat die seëninge van die ewigheid vir diegene wag wat getrou ander dien.

## Diens in die Tempel

"Goeie diens word gegee wanneer ons plaasvervangende ordinansies uitvoer vir die wat aan die anderkant van die sluier is. In baie gevalle ken ons nie die persone vir wie ons die werk uitvoer nie. Ons verwag nie 'n dankie nie, en ons het ook nie die sekerheid dat hulle gaan aanvaar wat ons offer nie. Nietemin, dien ons, en in die proses bereik ons dit wat net kom deur harde werk: ons word letterlik redders op Berg Sion. Net soos ons Redder Sy lewe opgegee het as 'n plaasvervangende offer vir ons, so moet ons in 'n klein mate, dieselfde doen wanneer ons volmag werk in die tempel doen vir hulle wat geen manier het om vorentoe te beweeg nie, tensy iets vir hulle gedoen word deur ons hier op aarde."[2]

## Ons is die Here se Hande

" My broeders en susters, ons is omring deur mense wat ons aandag, ons aanmoediging, ons ondersteuning, ons vertrooosting en ons vriendelikheid benodig, of hulle familie lede, vriende, kennisse of vreemdelinge is. Ons is die Here se hande hier op aarde, met die opdrag om te dien en Sy kinders op te tel. Hy is afhanklik op elkeen van ons. . . .

"Die diens waarna ons almal geroep is, is die diens van die Here Jesus Christus."[3]

## Om te dien in die Here se Skaduwee

"In die Nuwe Wêreld, het die opgestaande Heer verklaar, ´julle weet die dinge wat julle moet doen in my kerk; want die werke wat julle my sien doen het, dit sal julle ook doen; want dit wat julle My sien doen het, naamlik dit sal julle doen` [3 Nefi 27:21].

"Ons seën ander soos ons dien in die skaduwee van ´Jesus van Násaret . . . Hy het die land deur gegaan en goed gedoen' [Handelinge 10:38]. God seën ons om

blydskap te vind deur ons Hemelse Vader te dien soos ons Sy kinders op aarde dien."[4]

### Die Behoefte om te Dien

"Ons moet die kans gegee word om te dien. Vir die lede wat weg gegly het van aktiwiteit of wat hulself terug hou en niebindend bly, kan ons biddend vir maniere soek om uit te ryk na hulle. Om hulle te vra om te dien in 'n hoedanigheid mag dalk net die aansporing wees wat hulle nodig het om terug te keer na volle aktiwiteit. Maar die leiers wat kan help in die gevalle, is soms onwillig om dit te doen. Ons moet onthou dat mense kan verander. Hulle kan slegte gewoontes oorkom. Hulle kan van oortredinge bekeer. Hulle kan waardige draers van die priesterskap wees. En hulle kan die Here ywerig dien."[5]

### Doen ons alles wat ons moet?

"Die wêreld het ons hulp nodig. Doen ons alles wat ons moet? Onthou ons die woorde van President John Taylor: 'As jy nie jou roepinge verheerlik nie, Sal God jou verantwoordelik hou vir diegene wat jy sou kon red as jy jou plig gedoen het'? *Leerstellinge van die Presidente van die Kerk: John Taylor* (2001), 164]. Daar is voete om te stabiliseer, hande om vas te hou, verstande om aan te moedig, harte om te inspireer, en siele om te red. Die seëninge van die ewigheid wag vir jou. Dit is jou voorreg om nie net 'n toeskouer te wees nie, maar 'n deelnemer in die fase van . . . diens."[6]

**NOTAS**

1. "Wat het ek vandag vir iemand anders gedoen?" *Liahona,{* Nov. 2009, 85.
2. "Tot ons weer ontmoet," *Liahona,* Mei 2009, 113–14.
3. "Wat het ek vandag vir iemand anders gedoen?" 86, 87.
4. "Die Redder se Roeping om te Dien," *Liahona,* Aug. 2012, 5.
5. "Sien Ander soos Wat Hulle kan Wees," *Liahona,* Nov. 2012, 68.
6. "Gewillig en Waardig om te Dien,"*Liahona,* May 2012, 69.
7. *Leerstelling, Geen Groter Roeping" 'n Hulp Handleiding vir Evangeliese Leerstelling* (1999), 12

---

### ONDERRIG UIT HIERDIE BOODSKAP

"As jy Christelike liefde het, sal jy beter voorbereid wees om onderrig te gee in die evangelie. Jy sal geïnspireer word om ander te help om die Redder te ken en om Hom te volg."[7] Oorweeg dit om te bid vir groter liefdadigheid vir diegene wie jy besoek. Soos jy Christelike liefde ontwikkel, sal jy beter bekwaam wees om te dien in betekenisvolle maniere, beide die Here en die wie jy onderrig.

## JEUG

## Somer van Liefde

**Deur Elizabeth Blight**

Een somer het ek tyd spandeer in 'n vreemde land waar ek met kinders gewerk het met spesiale behoeftes. Toe ek die kinders ontmoet het, was ek baie senuweeagtig. Ek het nie hulle taal gepraat nie, maar ek het vertrou dat die Gees my in my interaksies met hulle sou lei. Soos ek elke kind leer ken het, het ek besef dat taal nie 'n versperring vir liefde is nie. Ek het met die kinders gespeel, gelag en het kunsvaardighede met hulle gedoen en kon nie help om totale liefde vir hulle te voel nie. Ek het kortliks die liefde wat Hemelse Vader vir sy kinders het gesien en die geluk wat my hart gevul het was onbeskryflik.

Wanneer ek ander dien, voel ek nie net liefde vir die wat ek dien nie, maar ook vir my Hemelse Vader. Ek het waarlik besef dat: "wanneer julle in die diens van jul medemens is, julle waarlik in die diens van julle God is" (Mosia 2:17) Die doel van my diens, of dit nou groot diens projekte is of klein dade van goedhartigheid, was nog altyd om God te eer (Mattheus 5:16). Ek hoop soos ek ander dien, dat mense die liefde wat ek vir my Hemelse Vader het en die Lig van Christus wat in my brand, sal herken.

*Die skrywer woon in Virginia, VSA.*

## KINDERS

## Skakels van Liefde

Laat 'n volwassene jou help om 28 dun repies papier uit te sny, elkeen omtrent 1 duim (2.5 cm) wyd en omtrent 8 duim (20 cm ) lank. Elke dag hierdie maand, doen 'n daad van diens om jou liefde vir iemand te wys. Jy mag dalk jou ouers help om die huis skoon te maak of jy kan 'n vriendelike nota aan 'n buurman skryf.

Skryf op een van jou repies papier hoe jy elke dag diens lewer en plak dan die punte met band of gom

aan mekaar om 'n sirkel te vorm. Jy kan die sirkels aan mekaar heg deur een van die nuwe repies papier deur die sirkel van die vorige dag te druk en dan plak jy die nuwe papier se ente aan mekaar vas. Kyk hoe jou skakels van liefde groei! Jy kan aanhou om aan jou diens ketting te voeg, nadat Februarie verby is.

© 2014 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6//13. Vertalings goedkeuring: 6/13 Vertaling van *First Presidency Message, February 2014*. Afrikaans. 10862 501

# Die Heilige Missie van Jesus Christus: Die Goeie Herder

Geloof, Familie, Verligting

*Studeer hierdie materiaal biddend en streef om te weet wat om te deel. Hoe sal 'n begrip van die lewe en missie van die Verlosser jou geloof in Hom vermeerder en diegene seën oor wie jy waak deur vroue besoek? Vir meer informasie, gaan na reliefsociety.lds.org*

*Dit is deel van 'n reeks Vroue Besoek Boodskappe wat aspekte van die missie van die Verlosser bevat.*

Jesus Christus, die Goeie Herder, het ons geleer:

"Watter man onder julle wat honderd skape het en een van hulle verloor, laat nie die nege en negentig in die woestyn staan en gaan agter die een aan wat verlore is totdat hy dit kry nie? . . .

"Ek sê vir julle, dat . . . net so blydskap sal wees in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer" (Lukas 15:4, 7).

Soos ons verstaan dat Jesus Christus die Goeie Herder is, sal ons begeerte vergroot om Sy voorbeeld te volg en die wat hulp benodig te dien. Jesus het gesê: "Ek is die goeie herder, en Ek ken my eie en word deur my eie geken. . . . en Ek lê my lewe af vir die skape" (Johannes 10:14–15). Deur Christus se Versoening, sal nie een van ons ooit so verlore wees dat ons nie ons pad huis toe sal kan vind nie (sien Lukas 15).

President Thomas S. Monson het gesê, " Dit is ons verantwoordelikheid om te sorg vir die kudde. . . . Mag ons almal nader staan om te dien."[1]

## *Uit die Skrifture*

Psalm 23; Jesaja 40:11; Mosia 26:21

## *Uit Ons Geskiedenis*

Elizabeth Ann Whitney, wie die eerste Verligtings Vereniging vergadering by gewoon het, het van haar bekering in 1830 gesê: "Toe ek die Evangelie gehoor het soos die Ouderlinge dit verklaar het, het ek geweet dit is die stem van die Goeie Herder."[2] Elizabeth het die stem van die Goeie Herder gevolg en was gedoop en bevestig.

Ons kan ook die stem van die Goeie Herder hoor en Sy leerstellinge met ander deel. President Monson het gesê, "Ons is die Here se hande hier op aarde, met die mandaat om Sy kinders te dien en op te lig."[3]

Net soos 'n herder die verlore skape gaan soek, kan ouers hul kinders wat weg gedwaal het, soek. President James E. Faust (1920–2007), Tweede Raadgewer in the Eeerste Presidensie, het gesê: "Aan die hartseer ouers wie regverdig, ywerig en bidden is in die onderrig van hul ongehoorsame kinders, aan julle sê ons, die Goeie Herder waak oor hulle. God weet en verstaan jou diep smart. Daar is hoop."[4]

**NOTAS**

1. Thomas S. Monson, "Hemelse Wonings, Ewige Families" *Liahona,* Junie 2006, 70.
2. Elizabeth Ann Whitney, in *Dogters in My Koningkryk: Die Geskiedenis en Werk van die Verligtings Vereninging* (2011), 128.
3. Thomas S. Monson, "Wat Het Ek Vandag vir Iemand Gedoen?" *Liahona,* Nov. 2009, 86.
4. James E. Faust, "Dierbaar Is die Skape wat weg Gewonder het," *Liahona,* Mei 2003, 68.

## *Wat Kan Ek Doen?*

**1.** Hoe kan die wete dat die Redder die Goeie Herder is, vrede in ons lewens bring?

**2.** Op watter maniere kan ons diegene wat " verlore" is van Kerk aktiwiteit en wie nie deel is van ons geloof nie, bedien?

**3.** Hoe kan ek die ouers van kinders wat weg gedwaal het van die evangelie ondersteun?

© 2013 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6//13. Vertalings goedkeuring: 6/13
Vertaling van*Visiting Teaching Message, February 2014*. Afrikaans. 10862 501